## Baie geluk aan die volgende persone wat hierdie week verjaar:

**Vandag 20 Oktober**

Chrizanne de Beer, Hellasingel 28

Martha Stockigt, Koringblomstr 24

**Maandag 21 Oktober**

Lian Biermann, Greenwayrylaan 23

Jaco Brand, Mooiverwacht 28

Johan Volschenk, Granietstr 4

**Dinsdag 22 Oktober**

Isabel Beukes, Havengastr 22

Fanie de Bod, Ranelaghstr 25

**Donderdag 24 Oktober**

Paula Engelbrecht, Leinsterstr 21

Elbrey Matthee, Kwartsstr 38

Phillip Strydom, Zinniastr 58

**Vrydag 25 Oktober**

Chris Brand, Rustenbergweg 25

Andrew Louw, Gladestonestr 35

Alta van Rooy, Sandsteenstr 35

Desmond Vos, Wisteriaweg 12

**Saterdag 26 Oktober**

Willie Jansen van Rensburg, Damarakloof

Fienie Nimb, Andrew Murraystr 9

Rachel Schoeman, Zinniastr 72

Werner Steenkamp, Vierbergen 132

Anja Stoumann, Ridgeworthrylaan 13

Johan van Dyk, Picardystr 3

Baie welkom aan nuwe intrekkers wat vir die eerste keer by ons inskakel.
Kontak gerus vir Amanda by die kerkkantoor, weeksdae tussen 09:00 - 12:00,
vir navrae oor hoe om by ons in te skakel.

**KERKKANTOOR:** Maandae-Vrydae 09:00-12:00
Mountainviewrylaan 17, Ridgeworth, Bellville, 7530.
Tel: (021) 919-4220 , Faks: 0866959801
E-pos: admin@uitsigkerk.co.za

**BANKBESONDERHEDE:**
NGK Bellville-Uitsig, ABSA, 1450580909, Takkode 632005,
(Verwysing moet ingevul word)

**WEBTUISTE:** www.uitsigkerk.co.za

**FACEBOOK: "Vriende van Uitsig Gemeente"**

PXMP14226

# Uitsig Gemeente

omgee woord mekaar wêreld

# BULLETIN 20 OKTOBER 2019

**19de Sondag in Koninkrykstyd:**
**LukasLukas 18:1-8**

## EREDIENS VANDAG

**08:30 Gebedsgeleentheid in gebedskamer.**

**09:00 – Kerk: Francois Swart**
"God se liefde is baie mooier as wat Michelangelo kon dink." Lukas 15

**Teedrinkgeleentheid:** Buitelidmate
**Blokleidster:** Madelein Louw

**19:00 - Kerk: Francois Swart**
**Bybelbloktyd:**
" Moenie die Here vergeet nie."
Deut 8

**Deuroffer:** Hospitaalbearbeiding

## EREDIENSTE VOLGENDE SONDAG

**08:30 Gebedsgeleentheid in gebedskamer.**

**08:00 - Gratis Gemeente Ontbyt**
**09:00 – Kerk: Louis Minnaar**
**Hervormingsdiens**
2 Kor 3: 18
"Ruspe verandering"

**Teedrinkgeleentheid:** Wyk 060-099 & 120-124
**Blokleidster:** Lorieta & Chrisna

**19:00 - Kerk: Francois Swart**
**Bybelbloktyd**
"Die Here is God, dien Hom."
Deut 10

**Deuroffer:** Alta du Toit Skool

## ONS BID VIR MEKAAR

**SIEKES**

Francois Kruger, Richmondstr 37

## GEBED VIR VANDAG

Geloof sy U, Here,
God van ons voorvaders,
van ewigheid tot ewigheid.
Die grootheid, Here,
die krag,
die glans,
die roem
en die majesteit
behoort aan U,
ja, alles in die hemel en op aarde.
Aan U, Here, behoort die heerskappy,
U is bo alles verhewe....
Rig tog ons hart, op U.
Amen.

## WOORDBEDIENING PLAASWERKERS

**Vandag**

**Roosboom:** George Theron
**Bloemendal:** Lourens Pieterse

**Sondag 27 Oktober**
**Roosboom:** Arend Louw
**Bloemendal**: Lourens Pieterse

## PREDIKANTESPAN

**KONTAKBESOEKE:** Lidmate is welkom om die leraars of die kerkkantoor te skakel indien hulle ‘n besoek verlang.

**Pastorale spreekkamer** vir individue, huwelike, families en groepe in gemeente. Lidmate is welkom om met Francois ‘n afspraak te maak.

## OMGEEGROEPE

**DINSDAG**
**09:30: Shalom:** Soos gereël
**WOENSDAG**
**09:30: Naomi:** Alta Nothnagel, Havenga 14
**09:45: Lidia:** Soos gereël

## GASVRYHEID

Louis nooi alle persone wat betrokke is by die gasvryheidspan Sondae oggende om hom Sondag 27 Oktober na kerk in die konsistorie te ontmoet om ‘n paar sake te bespreek.

## DROOGTEHULP

**Gebruik asb hierdie bankbesonderhede indien u ‘n finansiële bydrae wil maak tot die sentrale rampfonds vir die Karoo**:
Diaconia, Nedbank
Rek nr 1135900337
Takkode 198765

# JEUG

**Kinderkerk (Voorskoolse kinders)**
Vanoggend tydens die oggenddiens in die Vistenk.

**Juniorkategese (Gr 1 – 6)**
Vanoggend na die familiemoment in die Kleuterskool.
Kategese begin 09:30 en duur tot 10:15.

**EEIII (Gr 5)**
Vanoggend 09:00 -11:00 in Kleuterskool.

**Seniorkategese (Gr 7 – 11)**
Vanaand 18:00 – 18:45 in Kerk. Ons kuier reeds vanaf 17:30 saam.

## VOLWASSE GELOOFSVORMING & LIDMAATBEMAGTIGING

**Midweekbyeenkoms:** Woendag 23 Oktober 10:00 in die Vistenk. Ingang by Kleuterskool.

“Die gelowige en hardkoppigheid”
Deut 9

**BOKS VIR ‘n BOERVROU in Droogtegebied**
Jy kan ‘n skoenboks vul met items vir ‘n Boervrou.
Jy en nog n vriendin of 2 kan saam n boks volmaak en jy mag meer as een boks ook gee. Alle bokse MOET asb teen **Donderdag, 24 Oktober 13:00** by die kerkkantoor ingehandig word.

**Item voorbeelde**: Toiletware vir hom of haar, lekkergoed wat nie smelt/breek, jellie, nie-bederfbare kos, kondensmelk, tydskrif, penne/potlode, pleisters, panados, cuppachino stokkies, soppoeier, lipstiffie of ‘n mooi serpie en ‘n vatlap/ vadoek/ afdroogdoek. Ja selfs tissues, haarrekkies, maskara en skeermessies. Jy mag insit wat jou sak pas in ‘n skoenboks/ 6-bottel wynboks en toedraai in bruinpapier of koerantpapier (lekker stewig en mooi helder lint ombind - sien foto) . Geen name binne asb.

## DAGBOEK

Woensdag, 23 Okt : Geen **Orkesoefening**

**Lofdanse -** Alle vroue is Maandae om 18:30 welkom by die lofdanse in die kerk. Kontak René by 0721249116 as jy wil kom saam dans.

## GELEENTHEID VIR DIENS

**Woonstel te huur in Chrismar (40m2).** 1 slaapkamer met en-suite badkamer, leefarea met gaste toilet. Sentraal Gelee: 5 min stap van Bellville Hoërskool; 2 km van Sanlam hoofkantoor en 2 km van die N1. Onmiddellik beskikbaar. Geskik vir enkel persoon. R6 500 pm – sluit krag en water in. Deposito gelykstaande aan 1 maand se huur. Kontak Liezl by 0845865555.

‘n **Administratiewe Assistent** word so gou doenlik by ‘n gevestigde beleggingsmakelary in Tygervallei -area benodig. Kandidaat moet goed tweetalig wees en oor deeglike kennis van produkte by lewens-versekeringsmaatskappye beskik. Besorg u CV aan maria@rsabrokers.co.za of skakel 082 215 2508.

**Huishulp**, Meisie Mkheto is opsoek na werk, 3 dae per week (Maandag, Woensdag, Vrydag). Sy werk al vir die laaste 5 jaar by Adele Pretorius, nr 0836648700 en 20 jaar in Ridgeworth/Stellenridge area. Sy is baie betroubaar, lojaal en goed met diere. Skakel gerus vir Adele indien jy belangstel.

**Vakature:** NG Kerk Parke-gemeente (Kraaifontein) se kontemporêre musiekbediening vir eredienste (orkes) wag aansoeke in vir die pos van **musiekleier**. Die geskikte kandidaat: Beskik oor 'n roeping om die Here op hierdie wyse te dien, passievol en entoesiasties oor musiek in die erediens, maar met spesifieke fokus op die begeleiding van die gemeente. Beskik oor voldoende musikale vaardighede, ervaring en teoretiese kennis. Moet weekliks saam met die begeleiers en sangers oefen en leiding neem daarmee. Beskik oor toepaslike kwalifikasie en/of ervaring. Beskik oor goeie menseverhoudings. Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en oudisie. Vergoeding onderhandelbaar na gelang van die strukturering van die pos. Aansoeke (wat 'n volledige CV insluit) kan gerig word aan kantoor@parke.co.za Sluitingsdatum 11 November 2019
Rig navrae aan ds. Charl Stander 084 234 1155

**Bellville Senior Sentrum** hou op Woensdag, 23 Oktober om 18:10 ‘n **pretstap/pretdraf** te Jessiestraat 25, Chrismar. Vroeeë inskrywings is welkom. Daar sal heerlike karnavalatmosfeer heers met musiek. Poedings, vetkoek, hamburgers, boereworsrolle, sosaties, pannekoek en kerrie & rys sal te koop wees.

## KERSMARK

**Jong dame wat rekenaarvaardig is met goeie kommunikasie vaardighede** en ‘n oog vir mooi goed, word gesoek om betrokke te raak by die Kersmark. Dit is ’n opwindende uitdaging en as jy in jou hart voel dis iets wat jy wil doen, kontak asb vir Amanda by 0828950227.

## UITSIG KLEUTERSKOOL

**Vakante pos: Klasonderwyseres** (voldag). Minimum vereistes: VKO Vlak 4 Kwalifikasie, goeie kommunikasie-vaardighede, goeie Interpersoonlike verhoudinge, ‘n liefde vir kinders, ‘n positiewe gesindheid. Aansoeke sluit Vrydag, 25 Oktober 2019.
Epos bestuurshoof@uitsigkleuterskool.co.za